**5 Julie**

**Leef dubbeld heilig as jy getroud is!**

**Skrifgedeelte: Levitikus 20:10-21, 26**
**Fokusgedeelte: Levitikus 20:26**

Die verskillende vorme van onsedelikheid wat in ons Skrifgedeelte genoem word, is skokkend en ontstellend. ’n Mens voel amper sulke dinge behoort nie in die Bybel te staan nie. Tog, omdat hierdie tipes onsedelikheid deur mense gepleeg word, draai God se Woord nie doekies om nie, maar noem die ding by sy naam. Ja, hierdie dinge kom vandag nog onder ons voor en sommige hiervan word selfs deur die samelewing goedgepraat.

God wil egter hê dat ons as sy kinders dubbeld heilig sal lewe! Hoekom dubbeld? Om dit te kan verstaan, moet ons eers “heilig wees” reg verstaan. Heilig wees beteken om eenkant gesit te wees, om afgesonder te wees vir ’n spesifieke taak. Die potte en die panne in die tempel was heilig. Dit beteken dit was eenkant gesit net vir die tempeldiens. Die priesters kon dit nie huis toe neem om in die kombuis te gebruik nie. So is ons ook geheilig, afgeskei van wêreldse dinge sodat ons tot eer van God sal lewe. Ons is gemaak om net vir God te dien en nie ons eie sondige begeertes na te volg nie. Ons is geheilig deur Jesus Christus se offer aan die kruis.

Omdat ons heilig moet lewe, aan God toegewy moet lewe, daarom moet ons op sedelike gebied ook net vir ons huweliksmaats eenkant gesit wees. Dit is hoe God dit wil hê. Hy is self ook mos heilig, daarom moet ons dubbeld heilig leef - aan God toegewy en daarom ook net aan ons huweliksmaats toegewy!

*Sing: Psalm 128:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*